Voorbeeld 1

Die linkerkant van die algemene grootboek is die debietkant en die regterkant van die algemene grootboek is die kredietkant.

Debiet			**Voorraad**				**Krediet**
Datum	Besonderhede	Fol	Bedrag	Datum	Besonderhede	Fol	Bedrag

Die volgende inligting is gedurende Mei 2015 uit die rekeningkundige rekords van Belinda Winkels verkry:

1. Die eienaar deponeer R5 000 in die bankrekening van die entiteit as kapitaalbydrae.
2. Koop skoonmaakmiddels op krediet vanaf A Nel aan vir R900.
3. Betaal R60 per tjek vir skryfbehoeftes aangekoop.
4. Koop ’n stoel op krediet vanaf P Steyn vir R480.
5. Betaal die telefoonrekening per tjek, R120.
6. Koop skoonmaakmiddels en betaal R400 per tjek.
7. Reik ’n faktuur vir R200 aan K Koen uit vir dienste op krediet gelewer.
8. Reik ’n tjek vir R90 uit om die eienaar se persoonlik telefoonrekening te betaal.
9. Reik ’n tjek aan P Steyn vir R990 uit vir ’n lessenaar op krediet gekoop.
10. Reik ’n tjek vir R670 uit om huur te betaal.
11. Reik ’n tjek vir R320 uit om water en elektrisiteit te betaal.
12. Reik ’n tjek vir R200 aan A Nel uit as gedeeltelike betaling van sy rekening.

Verlang

1. Dui aan wat die invloed van elke transaksie op die rekeningkundige vergelyking is. Die entiteit gebruik die deurlopende voorraadstelsel. Dui ’n toename met ’n + en ’n afname met ’n – aan.
2. Berei die inskrywings in die algemene grootboek van Belinda Winkels voor.
3. Dui die rekening gedebiteer en rekening gekrediteer aan. Dui die invloed van elke transaksie op die rekeningkundige vergelyking aan.

Intellektuele eiendom van Like2Understand

Oplossing

Nr.	Bates		Eienaarsbelang		Laste	
	Invloed	**Rede**	**Invloed**	**Rede**	**Invloed**	**Rede**
1	+ 5 000	Bank vermeerder	+5 000	Kapitaalbydrae verhoog ekwiteit		
2			-900	Skoonmaakmiddels uitgawe verminder ekwiteit	+900	Krediteure vermeerder
3	-60	Bank verminder	-60	Skryfbehoeftes uitgawe verminder ekwiteit		
4	+480	Meubels vermeerder			+480	Krediteure vermeerder
5	-120	Bank verminder	-120	Telefoonuitgawe verminder ekwiteit		
6	-400	Bank verminder	-400	Skoonmaakmiddels uitgawe verminder ekwiteit		
7	+200	Debiteure vermeerder	+200	Dienste gelewer (inkomste) vermeerder ekwiteit		
8	-90	Bank verminder	-90	Onttrekkings verminder ekwiteit		
9	+990	Meubels vermeerder				
	-990	Bank verminder				
10	-670	Bank verminder	-670	Huuruitgawe verminder ekwiteit		
11	-320	Bank verminder	-320	Water en elektrisiteit verminder ekwiteit		
12	-200	Bank verminder			-200	Krediteure verminder

Intellektuele eiendom van Like2Understand

Belinda Winkels
Algemene grootboek

Dt/Debiet **Bank** **Kt/ Krediet**

Mei 1	Kapitaal	5 000	Mei 3	Skryfbehoeftes	60
			5	Telefoon	120
			6	Skoonmaakmiddels	400
			8	Onttrekkings	90
			9	Meubels	990
			10	Huur	670
			11	Water en elektrisiteit	320
			12	A Nel	200

Kapitaal

			Mei 1	Bank	5 000

Skoonmaakmiddels

Mei 2	A Nel	900			
6	Bank	400			

Skryfbehoeftes

Mei 3	Bank	60			

A Nel

Mei 12	Bank	200	Mei 2	Skoonmaakmiddels	900

Meubels

Mei 14	P Steyn	480			
9	Bank	990			

P Steyn

			Mei 4	Meubels	480

K Koen

Mei 7	Dienste gelewer	200			

Dienste gelewer

			Mei 7	K Koen	200

Telefoon

Mei 5	Bank	120			

Onttrekkings

Mei 8	Bank	90			

Huur

Mei 10	Bank	670			

Water & elektrisiteit

Mei 11	Bank	320			

No	Rekening gedebiteer	Rekening gekrediteer	B	E	L
1	Bank	Kapitaal	+5 000	+5 000	
2	Skoonmaakmiddels	A Nel		-900	+900
3	Skryfbehoeftes	Bank	-60	-60	
4	Meubels	P Steyn	+480		+480
5	Telefoon	Bank	-120	-120	
6	Skoonmaakmiddels	Bank	-400	-400	
7	K Koen	Dienste gelewer	+200	+200	
8	Onttrekkings	Bank	-90	-90	
9	Meubels	Bank	+990 -990		
10	Huur	Bank	-670	-670	
11	Water en elektrisiteit	Bank	-320	-320	
12	A Nel	Bank	-200		-200